


HOOFKARAKTERS

KOM ONTMOET DIE HOOFKARAKTERS:




Al drie is leerders van Magaliesberg Hoërskool in Hartbeespoort.

Al drie woon naby mekaar in dieselfde sekuriteitskompleks.

Al drie het gekompliseerde persoonlike kwessies en omstandighede.

Al drie is getuie van die moord op Izzie, 'n roomysverkoper.

Al drie ontvlug en beleef skrikwekkende, dog opwindende ervarings.



ABBY MYNHARDT

SY IS 'N GOEIE ATLEET EN HOOP DAT SY EENDAG AAN DIE OLIMPIESE SPELE SAL KAN DEELNEEM.

ABBY IS 'N LANG, MOOI MEISIE MET ROOI HARE.



HAAR PA HET HULLE ONLANGS VIR 'N ANDER VROU VERLAAT EN ABBY BESOEK 'N TERAPEUT WAT HAAR HELP OM HAAR WOEDEKWESSIES TE HANTEER.

SY IS GEWILD EN DEEL VAN 'N GROEP 'COOL' MEISIES BY DIE SKOOL, MAAR BESKOU HAARSELF NIE WERKLIK AS EEN VAN HULLE NIE, WANT SY HET NIE DIESELFDE PRIORITEITE AS HULLE NIE.

SY IS BAIE AMBISIEUS EN STEL HOË EISE AAN HAARSELF.

SY WIL 'N WENNER WEES IN ALLES WAT SY AANPAK.

HENRI VAN LEEMPITTE

HENRI IS 'N GAY JONG MAN MET 'N BAIE STERK PERSOONLIKHEID.

HY HET EGTER BAIE KWESSIES EN IS VOL ONSEKERHEDE.

HY GLO SY PA EN BROERS VERWERP HOM OMDAT HY GAY IS, TERWYL SY MA OORBESKERMEND TEENoor HOM OPTREE.

HY IS GEWELDIG MELODRAMATIES EN GENIET DIT OM GRIMERING TE DRA EN IN VROUEKLERE ROND TE LOOP.

HY BESKOU HOMSELF AS 'N UITERS TALENTVOLLE KUNSTENAAR EN WIL GRAAG EENDAG MUSIEKBLYSPELE SKRYF EN SELF DAARIN OPTREE.

HY SUKKE OM SPANNING TE HANTEER EN KRY ANGS-AANVALLE AS HY HOMSELF IN MOEILIKE SITVASIES BEVIND.



TUIMELTREIN HOOFSTUK 1 en 2 - René van Zyl

VRAE

Hoofstukke 1 en 2 (bl. 1–34)

Vraag 1 Kontekstuele vrae

Hulle ry uit, terwyl 'n ambulans van voor af inkom, langs hulle verbyry en die kompleks binnegaan.

Jasper besluit vinnig en mik vir die R511 in die rigting van die Magaliesberg. [Die pad] raak slegter tot dit uiteindelik doodloop by 'n grot wat knus tussen die kranse wegkruip.

(bladsy 34)

- 1.1 Wat is die naam van die kompleks waarvan ons hierbo lees? (1)
- 1.2 Waarmee ry die drie by die kompleks se ingangshek uit? (1)
- 1.3 Waarmee was Abby, Jasper en Henri vroeër daardie dag by Abby se huis besig? (1)
- 1.4 Hoekom verlaat hulle die kompleks nou inderhaas? Sê kortliks. (2)
- 1.5 Hoekom sal Jasper en Abby nie maklik herken word wanneer hulle by die hek uitry nie? (1)
- 1.6 Vertel kortliks hoekom 'n ambulans by die kompleks inry. (1)
- 1.7 Waar het die drie leerders gaan skuil nadat Jakkals op hulle geskiet het? (1)
- 1.8 Hoekom was dit dáár ook nie veilig nie? (1)
- 1.9 Wat dink jy is die R511? (1)

[10]

Vraag 2 Meerkeusige vrae

2.1 Henri

- A Hy is 'n enigste kind
- B Sy van is Van Leempitte
- C Hy het nie 'n goeie verhouding met sy pa nie.
- D Hy wil graag 'n Broadway-ster word.

2.2 Jasper

- A Hy speel gedurig rekenaarspeletjies.
- A Hy rook soms dagga saam met 'n vriend.
- C Hy en sy ouers ry motorfiets gedurende naweke.
- D Monica hou skynbaar nie van hom nie.

2.3 Bartlo Bekker

- A Meisies dink hy is 'n rugby hunk.
- B Hy is 'n kortgat met knock knees.
- C Abby hou skynbaar baie van hom.
- D Hy en Jasper is beste vriende.

2.4 Adrianus Vos

- A Hy is die nuwe hoof van Magaliesberg Hoërskool.
- B Hy woon in 'n sekuriteitskompleks.
- C Sy bynaam is 'Jakkals'.
- D Hy huiwer nie om 'n vuurwapen te gebruik nie.

2.5 Izzie

- A Hy was vroeër in die tronk.
- B Hy het 'n roomyswinkel in die kompleks.
- C Hy was op 'n stadion in die weermag.
- D Hy verkoop blykbaar nie net roomys nie.

[5]

Vraag 3 Identifiseer

Wie is:

- 3.1 the greatest artist that ever was and ever will be? (1)
- 3.2 'n grillerige mannetjie met yl bruin hare gejel op sy blink kop? (1)
- 3.3 'n taai poppie en uiteraard lojaal teenoor Jasper se ouers? (1)
- 3.4 een van die cool meisies, al pas sy nie in by hulle nie? (1)
- 3.5 'n kolonel in die staande mag wat sy seun skynbaar haat? (1)

[5]

Vraag 4 Paragraaf

Skryf 'n **paragraaf** van ongeveer 120 woorde oor planne wat die drie voorstel terwyl hulle in die boomhuis vasgekeer is. Sorg dat jy die volgende aspekte in jou paragraaf aanspreek:

- > Hoekom kan hulle nie hul selfone gebruik nie? (2)
- > Wat stel Henri voor moet hulle doen? (1)
- > Watter waaghalsige voorstel maak Jasper aanvanklik? (1)
- > Hoe reageer die ander twee op hierdie voorstel? (1)
- > Hoekom dink Abby maak Jasper so 'n absurde voorstel? (1)
- > Jasper wil nie net 'n "sitting duck" wees nie. Wat stel hy later voor? (1)
- > Hoekom dink Jasper dat die plan dalk kan slaag? (2)
- > Wat moet Henri doen as Jasper en Abby nie weer terugkom nie? (1)

[10]

Totaal: 30

TUIMELTREIN Hoofstuk 3 en 4 - René van Zyl

VRAE

Vraag 1 Kontekstuele vrae

Abby klou om lewe en dood aan Jasper se lyf. Dit lyk egter of Jasper heeltemal in beheer van die motorfiets is. Een of twee keer gil sy en Henri ewe hard wanneer dit lyk of die voertuig gaan kantel, maar dan is hy weer op sy wiele en jaag voort asof hy op 'n tuimeltein se ysterbaan gly.

[bladsy 54]

- 1.1 Waarvandaan kom die drie jongmense nou net, en waarheen is hulle op pad? (2)
- 1.2 Hoekom sal hulle nuwe bestemming beter wees? Noem een ding. (1)
- 1.3 Hoekom weet Abby so baie van dié plek af? (1)
- 1.4 Die drie jongmense hoor later hoe Alet van Heerden oor hulle skinder.
 - 1.4.1 Wat sê Alet van Abby se gedrag tydens 'n atletiekoefening? (1)
 - 1.4.2 Wat sê sy van Henri? (1)
 - 1.4.3 Watter voorbeeld gee sy van Jasper se aggressiewe optrede? (1)
- 1.5 Waar word die klubhuis se sleutel gebêre, en hoe weet Abby dit? (2)
- 1.6 Hoekom bel die drie jongmense nie hul ouers wanneer hulle in die klubhuis kom nie? (1)

[10]

Vraag 2 Vrae aan Koos

Hier is vrae wat aan Koos gestel word. Beantwoord nou die vrae volgens die teks asof jy Koos is.

- 2.1 "Jy hou nie daarvan as mense jou 'n boemelaar noem nie. Wat verkies jy om jouself te noem?" (1)
- 2.2 "Jy noem die grot 'Mi casa'. Wat bedoel jy daarmee?" (1)
- 2.3 "Hoekom het jy Jasper aangeraai om die motorfiets in die grot te versteek?" (1)
- 2.4 "Watter vleiskos het jy vir die jongmense aangebied?" (1)
- 2.5 "Waar kry jy ander kos om te eet?" (2)
- 2.6 "Waar kry jy die klere wat jy hier in jou grot het?" (2)
- 2.7 "Henry het nie geld gehad om klere by jou te koop nie. Hoe het hy daarvoor betaal?" (1)
- 2.8 "Hoe het jy gevoel toe die jongmense weer vertrek het?" (1)

[10]

Vraag 3 Paragraaf

Terwyl die drie jongmense in die klubhuis is, vind 'n fratsongeluk plaas.

Skryf 'n **paragraaf** van ongeveer 120 woorde waarin jy vertel wat alles hier gebeur totdat die drie die klubhuis verlaat.

Sorg dat jy die volgende aspekte in jou paragraaf aanspreek:

- > Hoe kry die indringer dit reg om by die klubhuis in te kom? (1)
- > Wat is die drie jongmense op daardie oomblik besig om te doen? (1)
- > Wat doen die indringer as Jasper hom probeer slaan? (1)
- > Wat het die indringer blykbaar in die klubhuis kom doen? Sê kortliks. (1)
- > Hoekom doen hy so 'n drastiese ding? (1)
- > Vertel kortliks wat gebeur wanneer die man op 'n stoel bo-op 'n tafel klim? (3)
- > Hoekom is die drie jongmense magteloos om die fratsongeluk te voorkom? (1)
- > Wanneer dink Abby sal die indringer se lyk ontdek word? (1)

[10]

Totaal: 30

TUIMELTREIN HERSIENINGSTOETS – René van Zyl HOOFTUK 5 & 6 (bl. 70–106)

Vraag 1 Kontekstuele vrae

Toe hulle terug is op die motorfiets, ry Jasper al langs die heining af tot by die teerpaadjie wat die grootpad met die atletiekklub verbind. Hy draai die motorfiets in die rigting van die R511 wat deur die dorp loop.

[bladsy 70]

- 1.1 Waarheen besluit die drie jongmense om te gaan nadat hulle die klubhuis verlaat het? (1)
- 1.2 Hoekom is Hartbeespoort laat op 'n Vrydagaand nog so besig? (1)
- 1.3 'n Motorfiets met 'n sykarretjie is nie iets wat 'n mense elke dag sien nie.
 - 1.3.1 Waar het Jasper die motorfiets parkeer toe hulle by Koos was? (1)
 - 1.3.2 Waar parkeer hy dit wanneer hulle by Jonah se huis aankom? (1)
- 1.4 Wat vra die een polisieman vir Henri wat in die sykarretjie sit? (1)
- 1.5 Wat doen Henri wanneer die polisieman met hom praat? (1)
- 1.6 Hoe kry Jasper dit reg om van die polisie te ontvlug? (2)

"Ek ken 'n Jonah." Koos krap sy kop. "Bedonnerd en somer net rebels. Die Jonah." Hy giggel sag.

"Hy was 'n astrante klein mannetjie." Koos dink ver terug. "Daardie Jonah."

[bladsy 48, 49]

Volgens Koos het hy ook 'n Jonah geken.

- 1.7 "Bedonnerd en sommer net rebels."
1.7.1 Watter nare ervaring het die Jonah wat Koos geken het, gehad, wat hom bedonnerd gemaak het? (1)
1.7.2 Wat onthou Koos van dié Jonah se hare? (1)
1.7.3 Hoe lyk Jasper se vriend Jonah se hare, wat aandui dat hy steeds rebels is? (1)
1.8 Hoekom is dit moontlik dat Jasper en Koos van dieselfde Jonah praat? Gee een rede. (1)
1.9 Hoeveel is Jonah ouer as Jasper? (1)
1.10 'Astrant' (in die aanhaling hierbo) beteken om stout te wees.
1.10.1 Watter 'stout' ding doen Jasper en Jonah wanneer hulle saam is? (1)
1.10.2 Watter stout ding het hulle by die garage gedoen wat hulle in die moeilikheid laat beland het? (1)

[15]

Vraag 2 Meerkeusige vrae

Skryf elke keer die letter van die verkeerde stelling neer.

2.1 Die twee polisiemanne

- A Die een is vet en die ander een is maer.
- B Hulle ry op 'n stadion langs Jasper-hulle.
- C Hulle vloek as hulle Henri in vroueklere sien.
- D Jasper kry dit reg om hulle af te skud.

2.2 Jonah

- A Hy het 'n baie lelike hond genaamd Baster.
- B Hy is bereid om sy vriend vir geld te verrai.
- C Sy ouers gee nie om dat Jasper-hulle daar oorslaap nie.
- D Jasper en Jonah se vriendskap eindig in vyandskap.

2.3 Scooby

- A Henri bewonder sy lang lyf.
- B Hy dra jeans en tekkies as hy die lykswa bestuur.
- C Hy neem kuns as vak by die skool.
- D Hy moet 'n belangrike besluit neem wanneer hulle tuis kom.

2.4 Die lykswa

- A Dit word by Scooby-hulle se huis geparkeer.
- B Die polisie keer die lykswa voor.

- C Dit vervoer nie net dooie mense in kiste nie.
- D Die kantvensters kan nie oopmaak nie.

2.5 Azrael Funeral Services

- A Die plek is 'eenhonderd persent official'.
- B Die slagspreuk staan op die lykswa se deur.
- C Dit behoort aan die Jabulani-familie.
- D Die besigheid is in Sunway geleë.

[5]

Vraag 3 Paragraaf

Skryf 'n paragraaf van ongeveer 120 woorde oor die drie jongmense se ongewone rit in 'n lykswa.

Sorg dat jy die volgende aspekte in jou paragraaf aanspreek:

- > Hoekom het die drie besluit om nie die nag by Jonah se huis te bly nie? (1)
- > Hoe kry hulle dit reg om agterin die lykswa te klim sonder dat Scooby hulle sien? (1)
- > Hoe ken die drie vir Scooby? (1)
- > Hoekom moet die lykswa langs die pad stilhou? Sê kortliks. (2)
- > Wat doen die drie agter in die lykswa dat hulle nie raakgesien word nie? (1)
- > Wat laat Abby nies terwyl hulle agterin die lykswa is? (1)
- > Waar eindig die rit? (1)
- > Wat is die begrafnisondernemer se leuse? (1)
- > Hoe is Scooby bereid om die drie voortvlugtendes te help? (1)

[10]

Totaal: 30

TUIMELTREIN HERSIENINGSTOETS 4

HOOFSTUK 7 & 8 (bl. 107–133)

Hoofstuk 7 en die eerste deel van hoofstuk 8 word hier getoets.

Vraag 1 Kontekstuele vrae

"Ek weet wat ons moet doen." Henri kry blykbaar weer nuwe lewe. "Dis briljant, al moet ek self so sê."

Abby sien dieselfde skok wat sy voel in die ander twee se oë. "Nee, die plan klink te gevaarlik. Ek glo jy lyk stunning as jy vroueklere en make-up aanhet, maar sal jy dit regkry dat die ou knol vir jou val?"

"Nee, dis gevaarlik," stem Jasper saam. "Jy's nie opgewasse teen Jakkals nie."

[bladsy 109, 110]

1.1 Henri is opgewonde oor sy briljante plan. Watter plan het hy met Jakkals?

Sê kortliks. (2)

1.2 Abby sien skok in die ander twee se oë. Wie is 'die ander twee' na wie hierbo verwys word? (2)

1.3 Abby noem Jakkals 'n 'ou knol'.

Wanneer noem 'n mens iemand 'n ou knol?

- A Wanneer 'n persoon onaangenaam is.
- B Wanneer 'n persoon skelm is.
- C Wanneer 'n persoon kwaai is.
- D Wanneer 'n persoon baie lui is. (1)

1.4 Waar het Henri die vroueklere gekry wat hy op die oomblik aanhet? (1)

1.5 Waar sal hy ander klere en make-up kan kry om sy plan uit te voer? (1)

1.6 Hoekom dáár? (2)

1.7 "Jy's nie opgewasse teen Jakkals nie" beteken:

- A Hy is nie so slim soos Jakkals nie.
- B Hy is nie so magtig soos Jakkals nie.
- C Hy ken nie eens vir Jakkals nie.
- D Hy moet dit nie aan sy skoolhoof doen nie. (1)

[10]

Vraag 2 Kortvrae

Vul die regte antwoorde in die spasies hieronder in:

Die drie jongmense het die vorige nag in 2.1 _____ geslaap en Scooby maak hulle om 2.2 _____-uur met koffie en 2.3 _____ wakker. Scooby se ouma Linah en haar hondjie, genaamd 2.4 _____, woon in die huis langsaan. Henri sê vir haar sy naam is 2.5 _____. Ouma Linah gaan graag begrafnisse toe, want 2.6 _____

Vandag word 2.7 _____ begrawe. Hy was vroeër Hartbeespoort se 2.8 _____ en hy was 2.9 (wild, verwilderd, gewild, geweld – kies die regte woord) _____ onder die inwoners. 2.10 _____ sal een van die draers wees.

[10]

Vraag 3 Ouma Linah

Hier is 'n paar vrae aan ouma Linah. Beantwoord die vrae volgens die teks asof jy ouma Linah is.

- 3.1 "Ouma, hoekom is jy nie vandag saam met tannie Letta in Limpopo vir 'n troue nie? (1)
- 3.2 "Ouma Linah, hoe is jy en Scooby verwant? (1)
- 3.3 "Hoekom noem jy jou hond 'Kollenel'?" (2)
- 3.4 "Kollenel het Jasper aan sy broekspyp gegryp. Wat sê dit vir jou?" (1)
- 3.5 "Hoe het Jakkals julle probeer omkoop?" (2)
- 3.6 "Jy het nie van Jasper se vermomming gehou nie. Wat het jy vir hom gegee om meer oortuigend te lyk?" (1)
- 3.7 "Ek hoor jy rook. Hoeveel sigarette rook jy op 'n dag? (1)
- 3.8 "Ouma, wie is Daisy?" (1)

[10]

Totaal: 30

TUIMELTREIN HERSIENINGSTOETS 5

HOOFSTUK 8 & 9 (bl. 133–159)

Die tweede deel van hoofstuk 8 en die volledige hoofstuk 9 word hier getoets.

Vraag 1 Voltooi feite

Voltooi die sinne hieronder deur feite wat in die verhaal voorkom. Elke feit tel 1 punt.

Groot drama speel by die graf af wanneer die kis laat sak word.

Wanneer die kis amper onder in die graf is, sak Henri-Etta 1.1 ..., roep Carolus se naam en begin dan 1.2 ... Scooby help Henri-Etta op en Jakkals staan nader om 1.3 ... Kollenel spring uit Henri-Etta se arms en beland 1.4 ... iemand dink dis 'n teken van Bo, want 1.5 ... 'n Jong seun 1.6 ... en gee die hondjie vir 1.7 ... wat hom dan vir ouma Linah gee. Gelukkig onthou Henri-Etta om die 1.8 ... aan te skakel voordat haar vertoning begin. Sy sê vir Jakkals dat sy weet waar 1.9 ... Henri-Etta kry seer wanneer Jakkals 1.10 ... Henri-Etta sal sê waar die drie jongmense is as Jakkals 1.11 ... Volgens Jakkals het die drie nie net vir Izzie vermoor nie, maar ook 1.12 ... Wanneer Henri-Etta haar balans verloor, gryp sy 1.13 ... Terselfdertyd spuit sy 1.14 .. Ouma Linah gebruik haar 1.15 ... om Jakkals 1.16 ..., en Jakkals beland in 1.17 ... Carolus se vrou 1.18 ... as sy sien wat gebeur. Die drie hardloop weg. Gelukkig is die sleutel 1.19 ... en Jasper trek teen 'n hoë spoed weg.

Net hierna kry Henri weer 'n 1.20 (hartaanval, angsaanval, beroerte, skeelhoofpyn - kies die regte woord) ...

[20]

Vraag 2 Paragraaf

'Henri, wat doen jy?' vra Abby verward.

"Ek los 'n final will and testament and movie for those that we leave behind." Hy hou die skerm na haar toe. "Praat. Jou laaste woorde."

[bladsy 157]

Skryf 'n paragraaf van ongeveer 120 woorde oor wat die drie voortvlugtendes in hul "final will and testament" sê. Gebruik jou eie woorde wanneer jy hierdie paragraaf skryf.

Sorg dat jy die volgende aspekte in jou paragraaf aanspreek:

- > Hoekom dink Henri dis nodig om 'n 'final will and testament' op te neem? (2)
- > Wat sê Henri vir sy pa? en sy ma? (1)
- > Wat sê Abby vir haar ma? , haar sussie? en haar pa? (3)
- > Wat sê Jasper vir sy ouers? (1)
- > Wanneer sou Jasper dalk 'n beter kind vir sy ouers gewees het? (1)
- > Hoekom kry Henri dit nie reg om vir Scooby ook 'n boodskap te stuur nie? (1)

[10]

Totaal: 30

TUIMELTREIN HERSIENINGSTOETS 6

HOOFSTUK 10 & 11 (bl. 160–188)

Vraag 1 Meng en pas

Baie dramatiese gebeure vind by *Danny's Scrapyard & Easy Shred* plaas.

Pas die persone by die feite hieronder en skryf slegs die **nommer** en **letter** neer wat bymekaar pas.

1.1	Skiet Jakkals in sy skouer	A	Abby se ma
1.2	Arriveer met die lykswa	B	Jasper se ouers
1.3	Staan by die wrak en huil	C	Jakkals
1.4	Gryp Abby voordat sy val	D	Henri en Jasper
1.5	Pluk Abby aan haar enkel weg	E	Jasper se pa
1.6	Druk die skakelaar wat die bek laat oopskuif	F	Henri se ma

1.7	Probeer desperaat uit die motorwrak kom	G	Scooby
1.8	Druk die rooi knop net betyds	H	Abby se pa
1.9	Vou koel hande om Abby se wange	I	Henri se pa
1.10	Koop vir ouma Linah 'n nuwe motortjie	J	Abby

[10]

Vraag 2 Kontekstuele vrae

"Jasper? En Henri? Is hulle oukei?" Hulle moet net oukei wees.
 "Ja, danksy jou. Hulle lê ook hier in die Mediclinic. Henri se gesig is oukei. As jy wou weet." Haar pa glimlag. "Dit was sy grootste vrees."
 'n Verligting sug deur haar lyf. Venus, Aarde en Mars gaan oukei wees.

[bladsy 170, 171]

- 2.1 "Jasper? En Henri? Is hulle oukei?"
 "Ja, danksy jou."
 Wat het Abby gedoen dat Jasper en Henri oukei is? Sê kortliks. (2)
- 2.2 "Henri se gesig is oukei. As jy wou weet." Hoekom is dit vir Henri so belangrik dat sy gesig oukei moet wees? (1)
- 2.3 Waar was Henri se pa tydens die eerste vier-en-twintig uur na die ongeluk? (1)
- 2.4 Abby is erger beseer as die twee seuns. Hoekom? (1)
- 2.5 Hoe lank was Abby bewusteloos? (1)
- 2.6 Hoekom is Henri in 'n rolstoel wanneer hy 'n rukkie later by Abby se kamer inkom? (1)
- 2.7 Noem enige twee beserings wat Jasper tydens die ongeluk opgedoen het. (2)
- 2.8 Venus, Aarde en Mars gaan oukei wees. Wie is Mars in hierdie metafoor? (1)

[10]

Vraag 3 Kortvrae

Saterdagoggend is Abby, Jasper, Henri en Scooby vroeg by die skool se atletiekveld waar die Lentefees se bedrywighede aan die gang is. Abby se oë gly oor die vrolike pretpark met 'n groot mallemeulewiel, 'n tuimeltrein, elektroniese swaaie en 'n aantal karnavaltente.

[bladsy 180]

- 3.1 Verskillende persone het verskillende funksies by die Lentefees. (1)
- 3.1.1 Waarmee help die drie jonges se ouers? Noem een ding. (1)
- 3.1.2 Wat doen Abby en Jasper by die tent se ingang? (1)
- 3.1.3 Wat doen Henri en Scooby by die tent se ingang? (1)
- 3.2 Wat is die naam van die film wat vertoon gaan word? (1)
- 3.3 Wie het die kamerawerk vir die film gedoen? (1)

- | | | |
|-----|---|-----|
| 3.4 | Waar het Scooby geleer om redigering te doen? | (1) |
| 3.5 | Hoekom sukkel Henri om uit sy stoel uit op te staan? | (1) |
| 3.6 | Tydens watter tonele in die film raak Abby baie emosioneel? | (1) |
| 3.7 | Hoe reageer die gehoor aan die einde van die film? | (1) |
| 3.8 | Wat doen Jasper en Abby aan die einde voor al die mense? | (1) |

